

21 November 2021

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## 2 Samuel 23:1-7

wat wil jy vandag **bereik**?  
**Jesus is altyd Koning. Dit is al lankal in die Ou Testament belowe en dit sal altyd so obly.**

ons **storie**: waar is ons nou?)

Kan jy The Lion King onthou? Watter konings was goeie konings in die storie? Watter koning was 'n slegte koning?

Hoe het dit gelyk wanneer daar 'n goeie koning was? Hoe het dit gelyk wanneer daar 'n slegte koning was?

Wat beteken dit vir ons dat Jesus ons Koning is? Hoe dink ons oor die toekoms as Jesus die Koning is?

### **GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **2 Samuel 23:1-7** saam as 'n groep of familie.

Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts  
praktiese wysheid...



**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

#### **1. Ons eie storie**

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

#### **2. God se storie**

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

#### **3. Ons nuwe storie**

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.


Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Kyk die volgende snit op Youtube:

<https://www.youtube.com/watch?v=B-YIWSWz7kQ>

Dit wys die oomblik wanneer Simba die troon inneem as koning. Die vorige koning was Scar, 'n slegte koning. Kyk hoe die landskap verander nadat Simba begin regeer.

Hoe laat dit ons dink oor Jesus as Koning?



## gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Mienie Muisenberg jou om oor die teks te dink?

Hierdie is Koning Dawid se laaste woorde. Watter van die woorde is vir jou die mooiste? Hoekom?

Hoekom het Dawid hierdie dinge gesê voor sy dood? Gaan die woorde oor Jesus? Hoekom sê jy so?

Baie eeue later (na 2 Samuel 23) het Jesus toe aarde toe gekom. Hy is gebore in die stad van Dawid (Betlehem). En party mense het gesê Jesus is die Seun van Dawid. Hoekom het hulle dit gesê?

## ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Wanneer lyk en voel dit vir ons asof Jesus nie Koning is nie?

Ons weet wel Jesus is regtig die Koning. Watter verskil maak dit vir ons vandag?

Hoe sal jy wil dink oor 2022 as jy weet die beste Koning wat bestaan, is ook Koning van 2022?

## **na** die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## **bid** vir mekaar

Bid dat mense sal lewe volgens Koning Jesus se reëls. Sy reëls is om lief te hê.

Bid dat mense Jesus sal erken as Koning.

Id vir mense wat moedeloos voel, sodat hulle hoop kan hê. Jesus is immers die Koning.

